Leipie Nuus

23 APRIL – 4 MEI 2018

Nommer 11/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 23 April
Netbal: Oefening o/7 vanaf 13:40-14:30, o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00, o/10-o/13A&B, o/12-o/13C vanaf 14:00-15:15, o/10-o/11C vanaf 15:15-16:15
Rugby: Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Landloop: Oefening 16:30-17:00 H/s Centurion
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 24 April
Netbal: Oefening o/7 vanaf 13:40-14:30, o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00 Wedstryde vs L/s Pretoria-Oos (tuis)
Rugby: Wedstryde vs Curro Hazeldean (tuis)
Skaak: Afrigting vanaf 14:15-15:15
Musiekblyspel**:** Oudisies vir praatrolle

Wo 25 April
Jnr koor: Geen oefening a.g.v personeelopleiding
Snr koor: Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak: Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas Wedstryde te L/s Kwaggasrand
KIX Klub: Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop: Oefening 16:30-17:30 H/s Centurion
Foto's: Boetie/sussie foto's word geneem

Do 26 April
Rugby: Geen oefening a.g.v langnaweek
Netbal: Geen oefening a.g.v langnaweek
Musiekblyspel: Laaste dag om registrasiefooi te betaal

Vr 27 April
Akademie: Openbare vakansiedag - Vryheidsdag

Ma 30 April
Akademie: Skole vakansiedag

Di 1 Mei
Akademie: Openbare vakansiedag - Werkersdag

Wo 2 Mei
Jnr koor: Geen oefening a.g.v personeelopleiding
Snr koor: Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak: Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
KIX Klub: Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop: Oefening 16:30-17:30 H/s Centurion

Do 3 Mei
Rugby: Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Netbal: o/8, o/9 wedstryde te Midstream Ridge, o/10-o/13 wedstryde te Cornwall Hill

Vr 4 Mei
Tennis: Rondomtalie o/12, o/13 seuns

Sa 5 Mei
Bulletjierugby: Wedstryde te L/s Monumentpark
Mini-netbal: Wedstryde te L/s Danie Malan

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Akademiese Top 10:
Gr 5
Carla Venter, Zach Boonzaaier, Shané Noppé, Wiann Gous, Jana Kok, Elmi Pretorius, Jade v Huyssteen, Zané Cloete, Christine Nortje, Lia Ludick.
Gr 6
Shanike Jordaan, Wouter Kielblock, Josua Markram, Luché Steyn, Erika Skea, Hannah Dennis, Zoe Beeslaar, Wilri v/d Walt, Wilco Olivier, Mikayla Albers.
Gr 7
Mia v/d Heever, Emma Viljoen, Mieke Badenhorst, Deo-moré Beukes, Lourens Nel, Danike Korf, Jean-Mari Riekert, Sherita Liebenberg, Mia Drotsky, Brigitte Martins.
Netbal: Taenique Calitz haal die Gauteng span.

L/S LOUIS LEIPOLDT GHOLFDAG:
Ons jaarlikse gholfdag vind Woensdag 13 Junie by Centurion Gholfklub plaas. Ons het slegs twee fondsinsamelings per jaar. Help ons asb met hierdie fondsinsameling vir die skool. Gholfbrief is reeds uitgedeel – vertel asb u vriende en kollegas van ons gholfdag. Ouers met eie besighede wat die dag wil gebruik as bemarkingsplatform kan gerus die skool skakel vir besonderhede. **Indien u belangstel om te speel, skryf asb so gou moontlik in. Daar is slegs beperkte plek beskikbaar. R2 500-00 per vierbal.**

BELANGRIKE DATUMS:
24 April: **Musiekblyspel – oudisies vir praatrolle**
27 April: Openbare vakansiedag – Vryheidsdag
30 April: Skole vakansiedag
1 Mei: Openbare vakansiedag – Werkersdag
14 Mei: Alle leerders dra wintersdrag
13 Junie: L/s Louis Leipoldt Gholfdag te Centurion Gholfbaan

UIT DIE KANTOOR:
Wintersdrag-oorgangsfase tot 14 Mei, daarna dra almal asb wintersdrag. Leerders wat koud kry mag reeds die korrekte wintersdrag dra.
LW: Swart skoolskoene en nie seilskoene word gedra. Baadjies en truie moet asb duidelik gemerk word, leerders trek dit uit sodra dit warm word en dan raak dit verlore.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Reünie van die veertigste bestaansjaar word op 30 April 1988 gehou.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 1475705

LEERDERS WAT WAG IN DIE MIDDAE:
GEEN leerder mag op die trappe voor die kantoor wag nie. Leerders wat wag vir sport om te begin of tot laat vir ouers wag, mag onder die grasdaklapa by die bankies wag en huiswerk doen. Leerders wat kort rukkies vir ouers wag kan by die bankies in die tuin wag en huiswerk doen. Geen leerder word met tasse, sportsakke of eetgoed op die trappe by die kantoor toegelaat nie. Leerders mag nie in die tuin speel nie.

PARKERING VOOR HEKKE:
Ons doen 'n dringende versoek op ouers om nie voor die toegangshekke te parkeer indien u leerders op-/aflaai nie. Personeel kan nie by hekke in of uit beweeg nie, en ander verkeer word ook ontwrig. Gebruik asb slegs die gemerkte parkerings.

CENTURION BEJAARDESORG UITREIK:
Stuur asb vir ons leë glasbottels met skroefproppe soos bv grondboontjiebotter-, blatjang-, mayonnaisebottels.
Stuur asb na Me Jansen.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

INDIVIDUELE FOTO'S:
Foto's wat voor/op 28 Februarie betaal is, is voor die vakansie afgelewer. Bestellings wat later ontvang is, sal in die kwartaal afgelewer word.
Vir enige navrae kontak asb Me A v Rensburg by die skool, nie die fotograwe nie.

MUSIEKBLYSPEL REGISTRASIE:
Nuwe leerders en leerders wat nog beslangstel om aan die musiekblyspel deel te neem, kan nog inskryf en **registrasiefooi kan betaal word tot 26 April.** Inskrywingsvorms te kry in die kantoor by ontvangs by Me E Stander.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie **Makro** en **My School** kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n **My Schoolkaart**. U ontvang dadelik u **My School kaart.** Indien u reeds 'n **Makrokaart** het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in **Makro** doen, dit is 'n vinnige proses.

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za

LEIPIE OMGEE KOSINSAMELING:
Baie dankie vir u gereelde bydrae tot die projek.
Die volgende insameling is op Donderdag 26 April.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____
(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER